

Die strategiese rol van die sakesektor in die bekamping van korrupsie

Peter Goss en Johan van Graan

Peter Goss, Kollege vir Besigheid en Ekonomie, en Fakulteit Regsgeleerdheid,
Universiteit van Johannesburg
Johan van Graan, Departement Polisiepraktyk, Forensiese en Kriminele Onderzoekwetenskap,
Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

In hierdie artikel stel ons ondersoek in na die strategiese rol van die Suid-Afrikaanse sakesektor in die bekamping van korrupsie. Die bekamping van korrupsie deur wetstoepassingsliggame en departemente van die Suid-Afrikaanse owerheid sowel as semistaatsinstellings gee die teenkorrupsietoon in die land aan. Die strategiese rol van die sakesektor in die bekamping van korrupsie is egter verwaarloos. Die studie waarop hierdie artikel gebaseer is, steun op kwalitatiewe, diepgaande onderhoude met 'n doelbewuste steekproef van 15 verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse sakesektor, waarby ingesluit is die openbare en sakesektore en burgerlike samelewing wat op die Sake-eenheid Suid-Afrika (BUSA) se Antikorrupsiewerkgroep (ACWG) en die Nasionale Teenkorrupsieforum (NACF) dien. Die doel van hierdie artikel is om die potensiële waarde en belangrikheid van 'n doeltreffende teenkorrupsiestrategie vir die sakesektor te illustreer wat die aktiwiteite aanvul soos in die Teenkorrupsieplan (Anti-Corruption Plan (ACP)) aangeteken en sodoende die sakesektor se korrupsiebekampingsmaatreëls versterk. Die bevindinge van die studie dui daarop dat daar nie 'n strategiese benadering bestaan wat die sakesektor in staat stel om korrupsie doeltreffend te bekamp nie. Ons stel 'n teenkorrupsiestrategie vir die sakesektor voor wat deur 'n verbeterde ACP aangevul word ten einde die sakesektor se korrupsiebekampingsmaatreëls te versterk.

Trefwoorde: korrupsie; Nasionale Teenkorrupsieforum; sakesektor; Teenkorrupsieplan; teenkorrupsiestrategie; teenkorrupsiestrategie vir die sakesektor

Abstract

The strategic role of the business sector in combating corruption

Observers often report on the high prevalence of corruption in South Africa. Despite South Africa's assent to international anti-corruption efforts the country is continuously confronted with negative perceptions about high levels of corruption. These negative perceptions relate not only to public sector corruption, but also to widespread corporate corruption. The highly publicised Transparency International Corruption Perceptions Index (TI CPI) of 2012 ranks South Africa 69th out of 174 countries (Corruption Perceptions Index of 2012), and in 2018 South Africa was ranked 73rd out of 180 countries (Corruption Perceptions Index of 2018), confirming corruption as a real and ever-worsening problem for the country. In addition, 54% of South African participants to the TI Global Corruption Barometer of 2013 felt that the business sector was corrupt or extremely corrupt (Global Corruption Barometer of 2013). The results from the latest African edition of the Global Corruption Barometer indicate that business executives across sub-Saharan Africa are seen as the second most corrupt group across the region (42% say most or all business executives are corrupt) (Pring 2015:8). This is evidence that corruption is not only a problem for the country as a whole, but also for the business sector.

Goss (2013) as well as Dubbelman (2011) suggest that the business sector should become more involved in combating corruption by increasing the accountability of company executives and boards of directors. Calls for increased anti-corruption activity on the part of the business sector raise questions about the adequacy of the level of activity of the business sector in the development and implementation of the business sector's Anti-Corruption Plan (ACP). We submit that this lack of activity can be ascribed to the fact that the business sector does not have a business sector anti-corruption strategy. Based on first-hand experience and involvement as a member of the Business Unity South Africa Anti-Corruption Working Group (BUSA ACWG), the primary author corroborates the fact that the development of a business sector anti-corruption strategy, recorded in the ACP, has not been accomplished. However, there is a strong case for businesses to develop an anti-corruption strategy (PricewaterhouseCoopers 2008:3–5). Anti-corruption strategies assist businesses to prevent financial losses, reduce the risk of losing business opportunities, and reduce reputational, legal and regulatory risks that can negatively affect a business. We further submit that the absence of a business sector anti-corruption strategy that would complement the ACP leaves the business sector exposed to such risks. One example of losses being suffered by South African businesses and negative reputational exposure due to alleged corruption is the imposition of fines totalling in excess of R1,4 billion by the Competition Commission on 15 construction companies for alleged price fixing and collusive cartels (Symanowitz 2013:9–13).

What is the potential value and importance of a business sector anti-corruption strategy? To address this question, this paper presents qualitative data as experienced by business sector representatives serving on the National Anti-Corruption Forum (NACF) and the BUSA ACWG. The guiding research question is: What is the strategic role of the business sector in combating corruption? Rather than focusing on the role of government and law enforcement agencies in combating corruption, this article focuses on the strategic role of the South African business sector in combating corruption. This article is based on research for a Master of Arts degree (Goss 2016). A qualitative research approach was followed since this study is exploratory-descriptive in nature and was aimed at gaining an understanding of participants'

experiences regarding the strategic role of the South African business sector in combating corruption. A single instrumental case study design was chosen as the research design for this study. Individual in-depth interviews were conducted with a purposive sample of (n=15) South African business sector representatives, which included the public sector, business sector and civil society serving on the BUSA ACWG and the NACF. These members were selected as the sample for inclusion in this study since they are involved in combating corruption by virtue of their participation in the NACF and/or the BUSA ACWG, are responsible for developing and implementing business sector anti-corruption measures, and have been entrusted with developing an ACP for the business sector and a business sector anti-corruption strategy. The participants were from diverse industries and entities. Interviews were conducted by the primary author according to a prepared interview guide and were digitally recorded. Interview transcripts were subsequently analysed by means of the data analysis spiral method (Leedy and Ormrod 2010:153). Prior approval to conduct this study was obtained from the NACF. Ethics approval was granted by the University of South Africa's research ethics committee.

The findings of this study suggest there is no strategic approach which enables the business sector to effectively combat corruption. We propose a Business Sector Anti-Corruption Strategy complemented by an improved ACP to enhance the business sector's measures to combat corruption. The combating of corruption by law enforcement agencies and South African government departments as well as parastatals dictates the anti-corruption environment in the country. However, the strategic role of the business sector in combating corruption has been neglected. Currently the South African business sector does not fulfil its strategic role in combating corruption. Instead, it merely takes part in various local and internal anti-corruption discourses. Examples are the NACF, the National Anti-Corruption Summits, individuals personally participating in B20 dialogue and a myriad of fragmented, and poorly implemented aspirational activities, many of which hardly take root or make a notable impact. Perhaps the most laudable, specific anti-corruption action here is that of the National Business Initiative (NBI) participating in business sector efforts, albeit hardly directed and universal in nature, and limited in scope of activities. The business sector effort is visible via the United Nations Global Compact (UNGC), predominantly driving the concept of Integrity Pacts, and promoting whistle blowing via Corruption Watch. However, it is enacted without the necessary follow-up investigative and enforcement rigour, does not drive corporate governance measures in certain industries and also has no obligatory participation, rigorous enforcement and scrutiny of delinquency.

Anti-corruption efforts and corruption itself are not treated as a strategic issue and therefore the involvement and committed, rigorous intervention of senior business leadership are absent. For example, the business sector and its leadership fall far short when it comes to being transparent and accountable and diligently probing corruption. The absence of corruption as an agenda item at business leadership forums is evidence that corruption is not sufficiently prioritised in local business sector leadership. The business sector needs a national, empowered, business sector anti-corruption body that scrutinises corruption via investigation and supports prosecutions, with the ultimate aim of "social ostracisation". To achieve this, a business leadership forum focused solely on corruption is necessary; it should be supported by government, civil society and other stakeholders. The lack of a business sector anti-corruption strategy is a fundamental cause of a poor ACP and, ultimately, the current poorly structured and incomplete anti-corruption efforts on the part of the business sector.

The business sector, especially business leadership, needs to take a more active and committed role in combating corruption. This must start with an understanding of the scope and depth of corruption in the business sector, and the impact on the literal “business case” must be met with a responsive business sector anti-corruption strategy. The diversity, non-integration, resource constraints and trust issues between the stakeholders involved in combating corruption pale beside the value and importance of addressing the problem of business sector corruption. The limited activities in the ACP, including limited implementation thereof, do not bode well for the prospects of a flourishing business sector. A great deal should be done, and with relative urgency, to develop a business sector anti-corruption strategy to serve as a strong prologue to illustrate the seriousness of the business sector in combating corruption.

Keywords: Anti-Corruption Plan; anti-corruption strategy; business sector; Business Sector Anti-Corruption Strategy; corruption; National Anti-Corruption Forum

1. Inleiding

Waarnemers maak dikwels melding van die hoë voorkoms van korrupsie in Suid-Afrika. In weerwil van Suid-Afrika se bekragting van internasionale teenkorrupsieopogings word Suid-Afrika deurlopend met negatiewe persepsies oor die hoë vlakke van korrupsie gekonfronteer. Hierdie negatiewe persepsies spruit nie net uit korrupsie in die openbare sektor nie, maar ook uit wydverspreide korporatiewe korrupsie. Manyathi (2012) haal Zwelinzima Vavi, Sekretaris Generaal van die Congress of South African Trade Unions (COSATU) as volg aan: “Korrupsie is besig om soos ’n veldbrand in Suid-Afrika te versprei en dreig om die toekoms van ’n land wat soveel potensiaal het, te verswelg en te vernietig.” Die wydgepubliseerde Transparency International Corruption Perceptions Index (TI CPI) van 2012 plaas Suid-Afrika 69ste uit 174 lande (Corruption Perceptions Index of 2012) en in 2018 is Suid-Afrika 73ste uit 180 lande geplaas (Corruption Perceptions Index of 2018). Dit bevestig dat korrupsie ’n werklike en steeds verslegtende probleem vir die land is. Daarbenewens is daar ook nog ’n aanbeveling gemaak dat die 15 konstruksie-maatskappye vervolg moet word wat daarvan beskuldig word dat hulle betrokke was by samespanning en prysknoeiery met kontrakte ter waarde van bykans R50 miljard. Dit hou verband met die bou van stadions vir die 2010-FIFA- Wêreldbekertoernooi (Symanowitz 2013:9–13). Voorts was 54% van die Suid-Afrikaanse deelnemers aan die TI Global Corruption Barometer of 2013 van mening dat die sakesektor korrup of uiters korrup is (Global Corruption Barometer of 2013). Die resultate van die jongste Afrika-uitgawe van die Global Corruption Barometer toon dat uitvoerende beamptes van besighede in Afrika suid van die Sahara as die tweede mees korrupte groep regoor die streek gesien word (42% sê dat uitvoerende beamptes allerweë korrup is) (Pring 2015:8). Dit gee ’n aanduiding dat korrupsie nie net ’n probleem vir die land in sy geheel is nie, maar dat dit ook ’n probleem in die sakesektor is.

Goss (2013) sowel as Dubbelman (2011) stel voor dat die sakesektor meer betrokke moet raak by die bekamping van korrupsie deur die mate van aanspreeklikheid van uitvoerende beamptes in maatskappye en direksies te verhoog. Hierdie oproepe om verhoogde teenkorrupsie-aktiwiteit aan die kant van die sakesektor roep die vraag op of die sakesektor se aktiwiteitsvlak afdoende was ten opsigte van die ontwikkeling en implementering van hul teenkorrupsieplan, die Anti-Corruption Plan (ACP). Ons voer aan dat hierdie gebrek aan aktiwiteit toegeskryf kan word aan die feit dat die sakesektor nie oor ’n sakesektor-teenkorrupsiestrategie beskik nie.

Gebaseer op eerstehandse ervaring en betrokkenheid as lid van die BUSA-Antikorrupsiewerkgroep, bevestig die primêre outeur dat die ontwikkeling van 'n sakesektor-teenkorrupsiestrategie soos in die ACP aangeteken, nie tot uitvoering gebring is nie. Daar is egter 'n grondige saak vir besighede om 'n teenkorrupsiestrategie te ontwikkel (PricewaterhouseCoopers 2008:3–5). Teenkorrupsiestrategieë help besighede om finansiële verliese te voorkom en die risiko te verminder om besigheidsgleenthede te verloor, en dit verminder reputasierisiko sowel as geregtelike en regulatiewe risiko's wat 'n besigheid negatief kan affekteer. Ons argumenteer voorts dat die afwesigheid van 'n sakesektor-teenkorrupsiestrategie wat die ACP moet aanvul, die sakesektor aan sodanige risiko's blootstel. 'n Voorbeeld van verliese en negatiewe reputasieblootstelling wat Suid-Afrikaanse-besighede as gevolg van beweerde korrupsie gely het, is die oplegging van boetes deur die Mededingingskommissie van meer as R1,4 miljard vir die reeds genoemde 15 konstruksie maatskappye vir beweerde prysknoeiery en samespannende kartelle (Symanowitz 2013:9–13).

Wat is die potensiële waarde en belangrikheid van 'n sakesektor-teenkorrupsiestrategie?

Om hierdie vraag te beantwoord, bied hierdie artikel kwalitatiewe data soos waargeneem deur verteenwoordigers van die sakesektor wat op die National Anti-Corruption Forum, of NACF, en die Sake-eenheid Suid-Afrika se Antikorrupsiewerkgroep (BUSA ACWG) dien. Die leidende navorsingsvraag is wat die strategiese rol van die sakesektor in die bekampings van korrupsie is. Eerder as om op die rol van die staat en wetstoepassingsliggame te fokus, fokus hierdie artikel op die strategiese rol van die Suid-Afrikaanse sakesektor in die bekampings van korrupsie.

Die artikel begin met 'n verduideliking van sleuteldefinisies wat sentraal is tot hierdie studie, gevolg deur 'n oorsigtelike agtergrond van korrupsiebekampingsvennootskappe wat tussen die Suid-Afrikaanse openbare en privaat sektore gesmee is. Daarna word 'n oorsig van die wetgewende en strategiese teenkorrupsiehervormings in 'n demokratiese Suid-Afrika aangebied. Sektorale strategieë met besondere klem op korrupsie word daarna bespreek, gevolg deur 'n bespreking van die navorsingsmetodologie. Laastens word die navorsingsresultate aangebied en bespreek, waarna ons ons standpunt illustreer deur middel van aanbevelings oor die potensiële waarde en belangrikheid van 'n sakesektor-teenkorrupsiestrategie sowel as die strategiese rol van die sakesektor in die versterking van die strategie se teenkorrupsiepogings.

2. Sleuteldefinisies

Die volgende definisies is sentraal tot hierdie studie:

Korrupsie word op grond van artikel 3 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede (PRECCA) 12 van 2004 (Republiek van Suid-Afrika 2004) soos volg gedefinieer:

Any person who, directly or indirectly (a) accepts or agrees or offers to accept any gratification from any other person, whether for the benefit of himself or herself or for the benefit of another person; or (b) gives or agrees or offers to give to any other person any gratification, whether for the benefit of that other person or for the benefit of another person, in order to act, personally or by influencing another person so to act, in

a manner (i) that amounts to the (aa) illegal, dishonest, unauthorised, incomplete, or biased; or (bb) misuse or selling of information or material acquired in the course of the exercise, carrying out or performance of any powers, duties or functions arising out of a constitutional, statutory, contractual or any other legal duty; (ii) that amounts to (aa) the abuse of a position of authority; (bb) a breach of trust; or (cc) the violation of a legal duty or a set of rules, (iii) designed to achieve an unjustified result; or (iv) that amounts to any other unauthorised or improper inducement to do or not to do anything, is guilty of the crime of corruption.

Teenkorrupsiestrategie verwys na verskillende tipes benaderings wat in die stryd teen korrupsie gebruik word; eenvoudig gestel, die uitroei van korrupsie, oftewel “corruption cleanup” (Habtemichael 2009:96).

Bekamping, soos wat dit met misdaad verband hou, beteken die voorkoming en ondersoek van misdaad (Smit 1996:54). Die term *bekamping* soos wat dit met korrupsie in hierdie studie verband hou, verwys na teenkorrupsiemaatreëls vir die voorkoming, ondersoek en bestryding van korrupsie.

In die konteks van hierdie studie verwys *sakesektor* na die kollektiewe groepering van georganiseerde besighede wat deur 36 besigheidsbedryfsliggame verteenwoordig word en wat lede is van BUSA (Sake-eenheid Suid-Afrika) (Business Unity South Africa (BUSA) Members 2005).

Die derde *National Anti-Corruption Programme* (Nasionale Teenkorrupsieprogram) is in April 2012 deur ’n spesiale taakspan van die NACF ontwikkel, voortspruitend uit die besluite van die Nasionale Teenkorrupsie-beraad wat op 8 en 9 Desember 2011 gehou is. Die doelwitte van die NAP is om die besluite van die nasionale teenkorrupsieberade te implementeer deur belangrike prioriteitsareas in die stryd teen korrupsie te identifiseer en om ’n keur van projekte, veldtogte en ander inisiatiewe te onderneem met die doel om korrupsie te bekamp (NACF Special Task Team 2012). Die NAP moet dus in hierdie artikel in hierdie konteks gelees word.

Die *Anti-Corruption Plan* (Teenkorrupsieplan) is die teenkorrupsiewerkprogram van die sakesektor soos deur die BUSA (ACWG) in April 2012 saamgestel (BUSA ACWG 2012). Die doelwit van die ACP is die deurlopende ontwikkeling en implementering van projekte wat daarop gemik is om korrupsie in die sakesektor te bekamp. Die ACP vul die NAP aan, aangesien die ACP ook daarop gemik is om geselekteerde besluite van die nasionale teenkorrupsieberade te implementeer wat in die NAP aan die sakesektor toegeken is (NACF Special Task Team 2012).

3. Agtergrond van korrupsiebekampingsvennootskappe in Suid-Afrika

Volgens Smit (1996:55) is die een of ander vorm van vennootskap tussen die openbare sektor en die private sektor noodsaaklik in die bekamping van misdaad. Een sodanige vennootskap in Suid-Afrika wat daarop toegespits is om korrupsie te bekamp, is die reeds genoemde NACF, wat in 2001 gevorm is. Die NACF is ’n vennootskap wat gesmee is tussen afgevaardigdes uit elk van drie sektore, naamlik die openbare sektor, die sakesektor en die burgerlike samelewing, in ’n gesamentlike poging om korrupsie deur middel van ’n nasionale teenkorrupsieprogram,

die National Anti-Corruption Plan, of NAP, te bekamp (National Anti-Corruption Forum 2009). Die NAP het geleidelik uit die besluite van drie nasionale teenkorrupsie-spitsberade wat in 1999, 2005 en 2008 (National Anti-Corruption Forum 2013a) gehou is, ontwikkel. 'n Vierde spitsberaad is in 2011 gehou. Die besluite wat tydens die 2011-beraad aangeneem is, het tot die verdere ontwikkeling en hersiening van die NAP in 2012 aanleiding gegee. Dit het op die derde NAP uitgeloop. Een van die aktiwiteite van NAP is die ontwikkeling van 'n nasionale teenkorrupsiestrategie vir Suid-Afrika en die ontwikkeling van sektorale teenkorrupsiestrategieë (National Anti-Corruption Forum 2013b). BUSA se teenkorrupsiewerkgroep, die Anti-Corruption Working Group (ACWG) ontwikkel en implementeer die sakektor se teenkorrupsie maatreëls en gebruik die NAP se inhoud as rigtingaanwyser.

Business Unity South Africa, of BUSA, verteenwoordig die sakektor ten opsigte van makro-ekonomiese en hoëvlakkwessies wat besigheid op nasionale sowel as internasionale vlakke affekteer, insluitende korrupsie. BUSA se lede sluit in bedryfsliggame vanuit 'n wye spektrum van sakektore soos finansies, landbou, kleinhandel, vervaardiging, konstruksie, toerisme en inligtingstechnologie, asook die olie-en-gas-, mynbou-, metaal- en chemiese nywerhede.

Die BUSA ACWG het 'n teenkorrupsieplan, die ACP, ontwikkel wat as die besprekings-program dien waarvolgens die sakektor sy teenkorrupsie maatreëls implementeer. Die ACP skryf voor dat die sakektor 'n sakektor-teenkorrupsiestrategie moet ontwikkel uit die aktiwiteite wat in die NAP se doelstellings vervat is (BUSA 2012). Sodanige sakektor-teenkorrupsiestrategie is egter steeds nie ontwikkel nie.

4. Wetgewende en strategiese teenkorrupsiehervormings in demokratiese Suid-Afrika

Suid-Afrika se korrupsie-uitdagings postdemokrasie (Lodge 2002:416) en die behoefte aan 'n reaksie soos deur die ministerie in die Presidentskantoor uitgewys (Republiek van Suid Afrika 1994), stem ooreen met die siening van die Verenigde Nasies se Dwelm-en-Misdaadkantoor (UNODC) (UNODC 2003). Hierdie uitdagings dui op kommer dat die bereik van 'n bestel van goeie staatsbestuur en die bekamping van korrupsie onder die land se grootste uitdagings tel en dat die respons hierop die inisiëring van 'n aantal teenkorrupsieprogramme en -projekte was. Korttermynresponse vanaf 1994 tot 1996, insluitend die vorming van 'n aantal teenkorrupsietaakspanne en teenkorrupsieliggame, sowel as die aanvaarding van verskeie stukke wetgewing wat insluit: (1) die Wet op die Openbare Beskermer (Republiek van Suid Afrika 1994), wat die Kantoor van die Openbare Beskermer gevorm het om onreëlmatighede en onbehoorlike optrede, insluitend korrupsie, te ondersoek; (2) die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale (Republiek van Suid-Afrika 1996c), wat voorsiening gemaak het vir die skep van Spesiale Ondersoekeenhede (SOE's) waarvan die mandaat die ondersoek na korrupsie insluit; en (3) die Wet op Internasionale Samewerking in Strafregtelike Aangeleenthede (Republiek van Suid Afrika 1996a), wat samewerking in die vervolging van kriminele sake fasiliteer.

Nasionale teenkorrupsiepogings is tussen 1997 en 1999 verskerp (Jackson, Muzondidya, Naidoo, Ndletyana en Sithole 2009:5). Hierdie pogings word versterk deur die feit dat die formele stryd teen korrupsie sy oorsprong in 'n besluit van die Suid-Afrikaanse kabinet het. Die kabinet het in 1997 die Nasionale Teenkorrupsieveldtog van stapel gestuur. Op grond van

hierdie veldtog is 'n interministeriële komitee aangestel wat deur die kabinet die taak opgelê is om voorstelle vir die implementering van 'n nasionale veldtog teen korrupsie te beoordeel. Die vordering van die teenkorrupsiepogings kan gesien word uit die samestelling van die Kantoor van die Openbare Beskermer en die SOE's. Hierdie pogings is verder ook sigbaar in die stigting van 'n kabinetskomitee verantwoordelik vir 'n Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie (NCPS) (Republiek van Suid-Afrika 1996b) in 1997, 'n interministeriële komitee in 1997 om korrupsie te hanteer, die bekendstelling van 'n Nasionale Veldtog teen Korrupsie in 1998, 'n Sektor-Teenkorrupsie-konferensie in 1998 en die eerste Nasionale Teenkorrupsie-beraad in 1999.

Vergeleke met ander internasionale praktyke is Suid-Afrika se benadering tot die stryd teen korrupsie uniek omdat dit 'n gesamentlike poging behels waarby die staat, besigheid en die burgerlike samelewing betrokke is (Ramsingh en Dobie 2005:1). Sangweni (2013) doen die volgende voorleggings oor die vordering van die teenkorrupsieprogramme en -strategieë:

- Die ministers wat vir die NCPS verantwoordelik is, het 'n programkomitee gevestig om korrupsie te hanteer.
- Die werk van die teenkorrupsieprogramkomitee het in 1998 op staatsgoedkeuring vir die Nasionale Veldtog teen Korrupsie uitgeloop.
- 'n Openbare-sektor-teenkorrupsiekonferensie het in November 1998 gevolg.
- Ten einde die betrokkenheid van alle belanghebbendes te verseker, is 'n Nasionale Teenkorrupsieberaad in 1999 gehou.
- Na die beraad was daar volgehoue interaksie en konsultasie tussen die openbare sektor, besigheidsektor en burgerlike samelewing. Dit het gelei tot die vorming van die NACF in 2001 om as formele struktuur te dien ten einde die publiek, besigheid en burgerlike samelewing-sektore met mekaar te verbind in die gesamentlike stryd teen korrupsie.

5. Die Nasionale Teenkorrupsieforum (NACF)

Die NACF is 'n liggaam wat bestaan uit al die sektore van die samelewing en wat as primêre doelwit het om 'n bydrae te lewer tot nasionale konsensus deur die koördinerende van sektorale strategieë teen korrupsie. Die hoofdoelwitte kan soos volg uiteengesit word: (1) om deel te neem aan die vestiging van 'n nasionale konsensus deur middel van gekoördineerde sektorale strategieë teen korrupsie; (2) om die staat van advies te bedien oor nasionale pogings aangaande die inwerkingstelling van strategieë om korrupsie te bekamp; en (3) om inligting en beste praktyke oor teenkorrupsiewerk wat in die onderskeie sektore gedoen is, te deel (National Anti-Corruption Forum 2001).

Die inhoud van 'n memorandum van verstandhouding (MOU) tussen die sakesektor, die staat en die burgerlike samelewing is onderliggend aan die doelwitte van die NACF. Die NACF is 'n sigbare bewys van Suid-Afrika se unieke driedelige vennootskap tussen staat, besigheid en burgerlike samelewing in die stryd teen korrupsie (Ramsingh en Dobie 2005:2). Gebaseer op bogenoemde, beteken die konsensus dat die toepassing van 'n multisektorale benadering deur middel van 'n vennootskapsbenadering tot teenkorrupsiepogings (bestaande uit verskeie belanghebbendes soos die staat, besigheid en burgerlike samelewing in die algemeen) meer diepte en legitimiteit verleen aan die teenkorrupsiepogings. Regerings moet die leiding neem deur te verseker dat toepaslike demokratiese instellings daargestel word. Voorbeelde hiervan

is 'n ombud of openbare beskermer, ouditeur-generaal, parlement, regbank, inkomstediens en die staatsdiens wat almal deur omvattende teenkorrupsiewette ondersteun word. Teenkorrupsiepogings moet deur toepaslike betrokkenheid aan die kant van die burgerlike samelewing aangevul word, byvoorbeeld betrokkenheid deur burgers, die media, en toesig- en aanspreeklikheidsstrukture in die vorm van 'n sterk strafregstelsel en maatreëls om as teenwig te dien in die voorkoming van misbruik van staatsmagte (Camerer 2008:5).

6. Elemente van die Nasionale Teenkorrupsieprogram

Die NAP is deur die jare progressief hersien en dit het opgehoop tot die derde NAP, gedateer 2012. Die NAP is op gesamentlike projekte gefokus en prioritiseer 'n konserwatiewe, beheerste en praktiese keuse van aktiwiteite as gevolg van beperkinge ten opsigte van sy kapasiteit. Dit sluit projekte, veldtogte en inisiatiewe in wat die drie sektorale vennote betrek. Die beheerste maar gefokuste benadering antisipeer 'n toename in die kans op sukses met die implementering van die NAP. Die aktiwiteite wat hier onder opgesom word, is in die NAP aangedui (NACF Special Task Team 2012):

(1) Aanneem en toepas van wette om korrupsie te bekamp

- Beskerming vir alarmlaers

(2) Voorkoming

- Ontwikkeling van sektorale teenkorrupsiestrategieë wat op 'n Nasionale Teenkorrupsiestrategie uitloop
- Verkryging van 'n verbintenis vanaf sektore ten opsigte van die doelwitte van die NAF, aangevul deur sektorale verteenwoordiging op die NAF
- Bevoegmaking van plaaslike, provinsiale en nasionale strukture en hulpbronne in die NACF
- Ontwikkeling van 'n opvoedings-, bewusmakings- en kommunikasieveldtog om 'n etiese kultuur te bevorder en 'n verbeterde begrip van die fasette van korrupsie en teenkorrupsieprogramme

(3) Toepassing

- Stigting van 'n onafhanklike teenkorrupsieliggaam

(4) Deursigtigheid and toerekeningsvatbaarheid

- Sektorale betrokkenheid, hersiening en verslagdoening oor programme
- Verskaffing van toegang tot inligting.

7. Die Teenkorrupsieplan

Die ontwikkeling en implementering van sakesektormaatreëls om korrupsie te bekamp is die verantwoordelikheid van BUSA se ACWG in die vorm van die ACP. Die ACP doen 'n beroep om doeltreffende deelname aan die NACF aan die kant van die sakesektor deur middel van die implementering van die besluite van die Nasionale Teenkorrupsie-berade (BUSA 2012). Daar kan dus afgelei word dat die ACP 'n verlengstuk van die NAP is, aangesien laasgenoemde die instrument is waarvolgens die besluite van die Nasionale Teenkorrupsie-berade geïmplementeer word.

Die oproep tot die sakesektor om op doeltreffende wyse aan teenkorrupsiepogings deel te neem, word versterk deur die United Nations Global Compact (UNGC), Partnering Against Corruption Initiative (PACI), International Chamber of Commerce (ICC) en Transparency International se saamwerkingspogings en sienswyses. Hulle het gesamentlik 'n baanbrekersrol gespeel om besighede te kry om hulself te verbind tot die UNGC se 10de beginsel teen korrupsie, wat 'n beroep op besighede doen om teenkorrupsieprogramme te ontwikkel (United Nations Global Compact 2013). Hierdie gesamentlike poging word aangevul deur die B20-sakeleiers en -maatskappye wie se deelname aan gesamentlike teenkorrupsiepogings bewys word deur hul samestelling van praktiese aksies om die B20-teenkorrupsie-aksieplan te implementeer (OECD, UNODC en World Bank 2013:3). Smit identifiseer hierdie benadering as "samerwerking" en dui aan dat dit vennootskap en stilswyende ooreenkoms vereis wat makliker gesê as gedaan is, aangesien dit in die geval van die sakesektor oppervlakkige ooreenkomste behels wat die uiteenlopende belange van verskeie korporasies en selfs individue moet hanteer. Dit is die sentrale uitdaging vir die sakesektor in sy pogings om korrupsie as 'n gesamentlike groep te bekamp. Die ACP, wat gesamentlik deur maatskappye uit die sakesektor byeengebring is, lewer bewys van hierdie ietwat moeilike samerwerking (Smit 1996:55).

8. Navorsingsmetodologie

Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat ter voltooiing van 'n meestersgraad (Goss 2016) gedoen is. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is gevolg, aangesien die studie ondersoekend-beskrywend van aard is en daarop gemik was om 'n begrip te kry van deelnemers se ervaringe ten opsigte van die strategiese rol wat die Suid-Afrikaanse sakesektor in die bekamping van korrupsie speel. 'n Enkele instrumentele gevallestudie-ontwerp is vir hierdie studie gevolg. In hierdie tipe ontwerp konsentreer die navorser op 'n probleem of saak en kies dan daarna een bepaalde geval om hierdie probleme te demonstreer (Creswell 2013:99). Die NACF was die enkele instrumentele geval in hierdie studie. Ses van die BUSA ACWG-lede was ook lede van die NACF en het dus tweekledige rolle gehad, naamlik dié van verteenwoordigers van die sakesektor op beide die NACF en BUSA ACWG.

Individuele, diepgaande onderhoude is gevoer met 'n doelbewuste steekproef van (n=15) BUSA ACWG-lede en verteenwoordigers van die sakesektor wat op die NACF dien. Hierdie lede is gekies as die steekproef om by die studie ingesluit te word aangesien hulle uit hoofde van hul deelname aan die NACF en/of die BUSA ACWG, by die bekamping van korrupsie betrokke is; verantwoordelik is vir die ontwikkeling en implementering van die sakesektor se teenkorrupsie-maatreëls; en omdat aan hulle toevertrou is die ontwikkeling van die ACP sowel as 'n teenkorrupsie-strategie vir die sakesektor. Die deelnemers is afkomstig uit uiteenlopende

bedrywe en entiteite. Die onderhoude is deur die primêre outeur gevoer ooreenkomstig 'n voorbereide onderhoudsgids en is digitaal opgeneem. Transkripsies van die onderhoude is vervolgens deur middel van die dataontledingspiraalmetode ontleed (Leedy en Ormrod 2010:153). Goedkeuring om hierdie studie uit te voer is by die NACF verkry. Die Universiteit van Suid-Afrika se etiese komitee vir navorsing het die etiese goedkeuring verleen. Die deelnemers aan die navorsing is ten volle ingelig oor die navorsingsproses en die doel daarvan. Deelnemers is bemagtig met die nodige besonderhede omtrent die navorsing en hul verwagte rol in die studie. Dit het hulle in staat gestel om besluite te neem en keuses uit te oefen wat hul eie belange bevorder het. Deelnemers is eweneens die geleentheid gegun om op enige stadium aan die studie te onttrek sonder om hul redes daarvoor te verduidelik. Daarbenewens is die identiteit van die deelnemers sowel as die inligting wat gedurende die onderhoude ingesamel is, naamloos en vertroulik gehou. Die outeurs se akademiese reputasie en manier van volgehoue navorsing doen oor korrupsie het gehelp om 'n dieper begrip van die dinamika onder bespreking te ontwikkel.

9. Bespreking van resultate

Die spesifieke aktiwiteite wat in die ACP uitgestip word, kan in vier breë temas gegroepeer word. Die temas fokus op: (1) die aanneming van wette om korrupsie te bekamp; (2) voorkoming; (3) toepassing; en (4) deursigtigheid en toerekeningsvatbaarheid. Hierdie temas is ook in die NAP opgeteken en stem ooreen met die vier algemene temas wat in die nasionale strategie vir die bekamping van korrupsie geïdentifiseer is.

Ons bespreek vervolgens die primêre bevindinge gebaseer op hierdie temas en lig dit verder toe deur verteenwoordigende, woordelike aanhalings deur deelnemers.

9.1 Aanneming en toepassing van wette om korrupsie te bekamp

Die toepassing van die wette wat die verpligtinge uiteensit om korrupsie te voorkom en bekamp, is die staat se verantwoordelikheid. Afgesien hiervan is dit die rol van die publiek (besigheid ingesluit) om aan die regskeppende proses deel te neem, deur middel van stemwerwery en deur voorleggings te doen as deel van die publiek se insette tot 'n wetsontwerp. Die publiek moet dan die gevolglike Wet nakom sodra dit deur die parlement aangeneem word (Republiek van Suid-Afrika 2004). Hierdie plig om met die regskeppende proses mee te werk, geld ook vir die sakesektor.

Die meerderheid van die deelnemers het aangedui dat die sakesektor beslis en op sigbare wyse betrokke moet raak. Een van die deelnemers het as volg reageer: “[T]he business sector needs to sort out its own corruption, taking care of its own house ... take a leadership role in the fight against corruption.”

Deelnemers was verder ook van mening dat die sakesektor leiding moet neem in die bekamping van korrupsie in sy intrasakesektoromgewing onderwyl hulle steeds die voorbeeld stel deur verbintenis tot die stryd teen korrupsie te toon en met ander sektore soos die openbare sektor en burgerlike samelewing saam te werk. Twee deelnemers het verduidelik wat hulle meen die sakesektor moet doen om korrupsie te bekamp (woordelike response):

Government and business should form a partnership at the highest level with each getting its own house in order ... start taking the lead role. We can't criticise others, such as government, if our house is not in order. The biggest strategic role would be taking a leadership role in the fight against corruption.

Die meerderheid van die deelnemers het voorts beklemtoon dat daar verskeie determinante is wat die sakesektor se strategiese rol kan verduidelik. Eerstens, om die risiko's wat korrupsie vir die besigheid se voorspoed inhou, te identifiseer. Een deelnemer verduidelik dit so: "In terms of risks to the success of businesses ... if corruption is not solved, business has the most to lose." Tweedens, om 'n teenkorrupsie-omgewing daar te stel, sowel as omstandighede wat ekonomiese groei aanmoedig. Drie deelnemers het dit as volg opgesom (woordelike response):

Business needs a stable economic climate to make money ... a corrupt environment erodes this stability. Business could set the example ... it will raise business confidence both locally and overseas and raise investor confidence. ... develop a business environment underpinned by credibility ... to create sustained growth in the country.

Deelnemers het voorts ook die sakesektor se aktiwiteit en sigbaarheid as deel van sy strategiese rol gesien en dit sluit in: (1) Innoverende aksies om korrupsie te bekamp: "The business sector needs to be innovative ... come up with a declaration that we are going to fight corruption ... and we want to see results from our actions." (2) Om 'n resultaat-georiënteerde teenkorrupsieklimaat te dryf: "Make it mandatory and acceptable to think that the business sector wants to subscribe to anti-corruption principles." (3) Die opstel en onderskryf van teenkorrupsiebeginsels vir die sektor: "... speaking up when things go wrong in any sector and give a voice to things that go wrong." (4) Om uitgesproke te wees teen korrupsie en te verseker dat dit wyd bekendgemaak word: "[T]he business sector have to make their voices heard against corruption." (5) Om te steun op besigheidshulpbronne en -kapasiteit as voorwaardelike veranderingsagent wat beskikbaar is vir benutting sou almal opregte toewyding deur middel van hul teenkorrupsie-aktiwiteite toon: "Make money and other resources available on the condition that these resources will not be deployed if corruption erodes the utilisation of these to get other role-players to take the fight against corruption seriously."

Met verwysing na die beskerming van fluitjieblasers is daar geen spesifieke aktiwiteit wat in die ACP genoem word onder die kategorie vir die aanvaarding en toepassing van wette om korrupsie te bekamp nie. Die sakesektor is nietemin aktief betrokke by die aanmoediging van alarmmakery. Corruption Watch is een van die prominente entiteite wat alarmmakery oor korrupsie in die sakesektor aanmoedig. Hulle is sterk kampvegters vir die bevordering en implementering van die Wet op Beskermdes Bekendmakings (Republiek van Suid-Afrika 2000) Die feit dat 25% van die maatskappye op die Suid-Afrikaanse effektebeurs fluitjieblaser-blitslyne het, is verdere illustrasie van die rol van besigheid in die aanmoediging van fluitjieblasery.

Artikel 4 van die Wet op Beskermdes Bekendmakings stipuleer dat 'n oortredende entiteit wat 'n fluitjieblaser strydig met die Wet op Beskermdes Bekendmakings afdank, die saak in 'n hofbeslissing kan verloor op grond van onbillike ontslag. Indien die viktimisering van 'n fluitjieblaser as onbillike arbeidspraktyk geag word, kan die uitspraak dié van outomaties onbillike arbeidspraktyk wees. Die Wet op Beskermdes Bekendmakings kondoneer nie die betaling van finansiële aansporings aan alarmmakers nie. Artikel 9(1)(b) van die Wet op

Beskernde Bekendmakings sluit 'n alarmer se openbaarmaking van beskerming uit indien dit vir persoonlike gewin gedoen is, tensy 'n spesifieke wet daarvoor voorsiening maak dat sodanige openbaarmaking teen 'n beloning gedoen kan word (Republiek van Suid-Afrika 2000).

9.2 Voorkomingsbenaderings in die bekamping van korrupsie

Die afwesigheid van 'n gedokumenteerde sakesektor-teenkorrupsiestrategie bots met die oproep op elke sektor wat by die implementering van die NAP betrokke is, om sektorale teenkorrupsiestrategieë te ontwikkel. Die oproep om sektorale strategieë is by die Fourth National Anti-Corruption Summit in 2011 gedoen.

Terugvoering van deelnemers dui op spesifieke swakhede in die BUSA ACWG en dat voorkomende teenkorrupsiepogings nie op die sakesektor se agenda in die groter makro-ekonomiese besprekings by BUSA geprioritiseer is nie. Volgens deelnemers was die sakesektor se betrokkenheid ietwat uit die hoogte en was hulle nie direk en kragtig in hulle betrokkenheid by die openbare sektor nie. Drie van die deelnemers het as volg reageer:

I don't remember ever spending any amount of time under the BUSA banner in doing any kind of prevention of corruption work. It was a talk shop and very little action was taken. ... lack of willingness to engage government openly and we played politics so as not to upset government.

Ten spyte van die afwesigheid van 'n gedokumenteerde sektorale teenkorrupsiestrategie, het die sakesektor tog 'n paar teenkorrupsie-aktiwiteite geïmplementeer. Die mees georganiseerde van hierdie aktiwiteite is onder die leiding van die Verenigde Nasies se Global Compact Network (UNGC) Suid-Afrika uitgevoer. Die Gesamentlike Aksieprogram word verteenwoordig deur die Nasionale Besigheidsinisiatief (NBI), die nommer-een-voorzitter van die bevordering van volhoubaarheid en korporatiewe burgerskapprogramme (National Business Initiative 2013), veral die Verenigde Nasies se Global Compact 10th Principle against Corruption (United Nations Global Compact 2019)

9.3 Nasionale Besigheidsinisiatief – gesamentlike aksie

Die NBI berig oor belangrike vordering in die implementering van teenkorrupsie-“Gesamentlike Aksie” waarby slegs 'n paar bedrywe betrokke is. Omgekeerd is die gebrek aan sigbare besigheidsleierskap om die volhoubaarheid van teenkorrupsie-aksies te verseker, 'n struikelblok op die pad na sukses. Ondanks hierdie afwesigheid van sigbare teenkorrupsieleierskap in die sakesektor word teenkorrupsie-aksies aan die kant van die sakesektor deur die NBI in samewerking met BUSA en ander partye gedryf. Die Teenkorrupsie Gesamentlike Aksie-projek het die NBI en BUSA betrek by die maak van formele voorleggings wat die Tesourie se konsepreulasies aanvul. Hierdie voorleggings, vir oorweging deur die Nasionale Tesourie van die Republiek van Suid-Afrika, roep om die insluiting van integriteitsverdrae (Integrity Pacts) as een van die teenkorrupsiemeganismes om deursigtigheid in groot openbare verkrygingsprojekte in die hand te werk. Eenvoudig gestel, is 'n integriteitsverdrag 'n ondertekende verbintenis tussen 'n maatskappy en 'n staatsdepartement of staatsentiteit. Elk van die partye verbind sigself tot etiese gedrag, deursigtigheid en daartoe om op 'n regverdig en billike wyse op te tree wanneer hulle met

mekaar sake doen ten opsigte van openbare verkryging, projekbestuur en die lewering van gekontrakteerde dienste/goedere (National Business Initiative 2013).

Suid-Afrika se infrastruktuur/konstruksiesektor wat aan antimededingingspraktyke soos samespanning en prysknoeiery blootgestel is, is spesifiek as teikengroep uitgekies vir die implementering van integriteitsverdrae. Mediablootstelling vir die NBI ten opsigte van sy aanmoediging van integriteitsverdrae het die sakesektor as 'n sterk openbare stem en speler in teenkorrupsiepogings geposisioneer (Symanowitz 2013:9–13). 'n Toenemende getal sektore is óf met die bevordering óf die uitvoer van evaluerings besig om die integriteitsverdragmodel by hul verkrygingsprosedures in te sluit. Hierdie benadering is sinoniem met die beginsels wat in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA) (Republiek van Suid-Afrika 1999) vasgelê is; dit verg 'n verkrygingsraamwerk wat deursigtigheid, regverdigheid en billike verkrygingsprosesse inkorporeer.

Een spesifieke geval van betrokkenheid by die integriteitsverdragmodel word deur die Konstruksie-industrie Ontwikkelingsraad (Construction Industry Development Board/CIDB) gedryf, 'n beheerliggaam wat op leweringsbevoegdheid en beste praktyk in konstruksie fokus. Die CIDB werk aan die implementering van die Konstruksiesektor-Deursigtigheidsinisiatief (Construction Sector Transparency Initiative/CoST) in konstruksiesektorverkryging. CoST beywer hom vir die verbetering van waarde vir geld wat deur middel van konstruksieprojekte aan openbare infrastruktuur bestee is deur die deursigtigheid in die lewering van projekte te verhoog. Die CIDB het die NBI by sy taakspan vir die implementering van CoST ingesluit ten einde tot sy teenkorrupsiemaatreëls by te dra. Teenkorrupsiebewustheid, portuurleer en kruisbedryfsamewerking is geïmplementeer om bewustheid oor teenkorrupsierolspelers in die sakesektor te verbeter en om leer en ervaringe ten opsigte van teenkorrupsiemaatreëls te deel. Hierdie samewerking sluit Suid-Afrika se groot sakeskole in. Die NBI het 'n aantal samewerkings- en openbare verbintenisse met besigheid aangegaan en op teenkorrupsieleer en die deel van beste praktyk gefokus. Dit het die jaarlikse UNGC-ledevergadering, die konstruksiesektor-onderhandelingstafel en die jaarlikse besigheid-teenkorrupsieleerforum (Business Learning Forum on Anti-Corruption) ingesluit (National Business Initiative 2013).

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) se visier is op 'n multoleransie vir korrupsie gestel, waar die openbare sowel as die privaatsektor (sakesektor ingesluit) aanspreeklik gehou word en waar leiers eties en met integriteit optree. 'n Seleksie van huidige teenkorrupsie-aktiwiteite en aanbevelings vir verbeterings in die sakesektor is in die NOP opgeteken (National Planning Commission 2011:447):

- Versterk die veelvuldigeliggaam-teenkorrupsiestelsel
- Maak van 'n samelewingsbenadering in die bekamping van korrupsie gebruik
- Verbeter die beskerming vir alarmmakers
- Groter toesighouding oor die toekenning van groot tenders of tenders wat oor 'n lang tydperk strek
- Bemagtiging van die kantoor vir die monitoring van tendernakoming om korrupsie en die waarde-vir-geld van tenders te ondersoek.

Die bestaan van Suid-Afrika se veelvuldige teenkorrupsieliggame, naamlik die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se Direkoraat vir die Ondersoek van Prioriteitsmisdade (DOPM), die Spesiale Ondersoekendeheid (SOE), die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Batebeslagleggingseenheid (AFU), Staatsdienskommissie, Openbare Beskermer en Ouditeur-

Generaal, word in die NOP herhaal. Die NOP identifiseer 'n afwesigheid van openbare-opvoedingsveldtogte deur hierdie teenkorrupsieliggame. Wat veral duidelik is, is dat hierdie liggame nie die uitwerking van korrupsie op dienslewering en die kanale waarlangs korrupsie rapporteer kan word, kommunikeer nie, en hulle werk ook nie met ander sektore saam nie.

Openbare opvoedingsveldtogte is ook sigbaar in Corruption Watch se gemeenskapsgerigte teenkorrupsiemaatreëls; hulle doen verslag oor die invloed van korrupsie op dienslewering en moedig alarmmakery aan. Korrupsie word dikwels in die geledere van die sakesektor self geproduseer, byvoorbeeld in die vorm van samespannende kartelle en prysknoeiery. Die sakesektor hanteer gewoonlik hierdie aksies in die geheim deur administratiewe, interne optrede soos die diskrete aanvaarding van bedankings of die afdanking van werknemers toe te pas; daar is hoegenaamd geen samewerking met, of optrede deur, die strafregstelsel nie (National Planning Commission 2011:449).

Volgens Symanowitz (2013) moet die samespannende kartelle en prysknoeiery wat verband hou met korrupsie wat tydens die 2010–FIFA-Wêreldbekertoernooi plaasgevind het, nog voor die geregshoue kom vir vervolging. In plaas daarvan is regulatiewe boetes vir antimededingende gedrag aan oortredende besighede opgelê, maar nie op spesifieke besigheidsleiers nie. Goss 2016 vra gevolglik na groter toerekeningsvatbaarheid vir korrupte optrede aan die kant van maatskappydirekteure en direksies (Symanowitz 2013:9–13).

Die NOP doen voorts 'n beroep dat die sakesektor se nievoldoening aan teenkorrupsiewette rapporteer moet word. Hierdie oproep herhaal die bepalings van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede (PRECCA) (Republiek van Suid-Afrika 2004) wat dit 'n oortreding maak vir sekere persone in gesagsposisies, insluitend spesifieke besigheidsverteenwoordigers, soos die besturende direkteur van 'n maatskappy, om nie oortredings met 'n waarde van R100 000 of meer wat met korrupsie verband hou, aan die SAPD DOPM te rapporteer nie.

Benewens Corruption Watch, wat as kanaal vir die rapportering van korrupsie deur besighede en lede van die publiek dien, is daar ook ander onafhanklike sakesektorinisiatiewe, soos Whistle Blowers, 'n kommersiële fluitjieblaserdiens waarby maatskappye teen 'n fooi kan aansluit en dan korrupsie waar die maatskappy betrek word, rapporteer. Daarbenewens is 'n Kode van Goeie Korporatiewe Burgerskap in vennootskap tussen BUSA en Sakeleierskap Suid-Afrika (BLSA) ontwikkel om etiese sakeoptrede in besighede se hantering van klante, verskaffers, mededingers en die openbare sektor aan te moedig. BLSA is 'n vereniging van lede wat groot Suid-Afrikaanse besigheidsleierskap verteenwoordig en wat doeltreffende besigheidsdialoog met die staat en ander belanghebbendes bevorder; hulle pak kwessies soos armoede, ongelykheid en werkloosheid (Business Leadership South Africa 2013).

9.3.1 Toepassing

Die bepaalde aktiwiteit wat in die ACP onder “Enforcement” aangeteken is, verwys na die verkenning van die ondersoekkapasiteit van wetstoepassers in die SOE. Hierdie aktiwiteit het ten doel om die sakesektor se ondersoekkapasiteit, soos dit betrekking op wetstoepassing het, in samewerking met, en met behulp van, die SOE te versterk (BUSA 2012). Die ACWG het nog geen vordering ten opsigte van hierdie aktiwiteit gemaak nie. Die oorweging (soos in die ACP aangeteken) wat deur die SOE geskenk is aan die versterking van die sakesektor se ondersoekkapasiteit, is misplaas. Die SOE se rol is om ondersoek in te stel na korrupsie en

wanadministrasie in die openbare sektor en om stappe gebaseer op siviele reg te doen om dit reg te stel. Die SOE kan nie mense arresteer en vervolg vir misdade soos korrupsie in 'n private maatskappy nie; hulle verwys misdade wat in die loop van hul ondersoek aan die lig gekom het, na ander wetstoepassingsowerhede soos die SAPD vir arrestasie en na die NVG vir kriminele vervolging (Special Investigating Unit 2014).

Baie maatskappye wat lede van BUSA en die ACWG is, beskik oor hul eie ondersoekkapasiteit. Die ACWG moet aan die spits van die koördinerende van hierdie ondersoekhulpbronne wees. Die afwesigheid van gesamentlike konsolidasie en samewerking ten opsigte van ondersoekkapasiteite dui op 'n tekortkoming in die intra-BUSA-teenkorrupsieopogings. Die ACWG se soeke na ondersoekkapasiteit vir die sakesektor, hoewel misplaas indien die SOE die teiken van die soeke na ondersteuning is, is toe te skryf aan die SAPD se swak prestasie wanneer dit kom by die ondersoek na, en vervolging op grond van, beweerde korrupsie. Die SAPD is fundamenteel vir die ondersoek van misdaad verantwoordelik (Republiek van Suid-Afrika 1995). Van Vuuren (2005) stem saam dat die SAPD primêr vir die ondersoek na misdaad in Suid-Afrika verantwoordelik is en voeg by dat die SAPD die grootste wetstoepassingsliggaam is wat die mandaat het om korrupsie te bekamp, maar dat korrupsie baie minder aandag van die SAPD kry as wat die geval behoort te wees.

'n Hele paar van die deelnemers voer aan dat daar 'n gebrek aan standhoudende toepassing is wanneer maatskappye by korrupsie betrokke is en dat wanneer stappe wel gedoen word, die uitkomst daarvan nie gekommunikeer word nie. Die kommunikasie van positiewe uitkomst, soos die skuldigebevinding van oortreders, en mense wat uit hul poste ontslaan word, sou moontlik as afskrikmiddel vir ander potensiële oortreders dien. Toepassingsaksies wat met korrupsie in die sakesektor verband hou, is redelik swak, en wat veral kommerwekkend is, is die feit dat sommige dele van die sakesektor dalk nie teen korrupsie optree nie omdat hulle bang is dat hulle minder geleenthede kan kry of dalk uitgelaat sal word as dit by sakegeleenthede kom. Vergelyk hierdie woordelike respons:

A lot of people [companies] ignore the statutory requirement [in the PRECCA] to report corruption above R100 000 ... companies are just too glad for the problem to go away. People [private forensic investigators] have caught CEOs and Chairpersons fiddling the books, stealing ... those people are not held accountable. They are not reported to the police. You never see punishment or penalties. People in business make a profit ... and don't want to stab themselves in the back.

9.3.2 Deursigtigheid en toerekeningsvatbaarheid

Die ACP doen 'n oproep om doeltreffende deelname aan, en samewerking met, die NACF in hul teenkorrupsieopogings. Hoewel die NACF sigbare bewys is van 'n vennootskap tussen die staat, besigheid en die burgerlike samelewing in die stryd teen korrupsie (Ramsingh en Dobie 2005:2), bly die vraag steeds hoe doeltreffend hierdie rolspelers aan die NACF deelneem en in teenkorrupsieopogings saamwerk.

In die volgende afdeling fokus ons op deursigtigheid en toerekeningsvatbaarheid in die sakesektor deur te kyk na die deelname van die sakesektor aan teenkorrupsieopogings en samewerking met die ander sektore in die NACF, en op die prominente kodes van goeie bestuur en etiek in die sakesektor.

9.4 Deelname en samewerking van die sakesektor in die NACF

Mongale (2010:36) prys die vennootskap tussen staat, burgerlike samelewing en die sakesektor in die stryd teen korrupsie en haal dit aan as die toonbeeld van 'n gevallestudie van beste praktyk vir Suid-Afrika. Funksioneel sien Ramsingh en Dobie (2005:12–18) egter die NACF as ernstig gestremd en wys op die volgende faktore:

- Stadige vordering met implementeringsaksies nadat besluite in teenkorrupsieberade geneem is; dit sluit in een ingrypende benadering by die beraad wat daarna net doodloop.
- Skamele verbintenis, deelname en beskikbaarheid van voorste verteenwoordigers, byvoorbeeld sakesektorleiers.
- Die betoog ten opsigte van of die deelnemers aan die NACF geskikte verteenwoordigers is van die groepe wat hulle voorgee om te verteenwoordig en die afwesigheid van toepaslike interne kommunikasie oor die NACF en sy aktiwiteite binne die sektore self. In die geval van die sakesektor is 'n redelik onlangse verwikkeling die ontstaan van die Black Business Council (BBC) wat ten doel het die bevordering van die belange van swart besigheid en swart professionele mense. Die BBC-verteenwoordigers is nie deelnemers aan die NACF nie.
- Wisselvallige deelname en/of nie-deelname van lede van die sakesektor in die NACF se implementeringspogings ter ondersteuning van die aktiwiteite wat deur die NACF-sekretariaat gekoördineer word.
- Gebrek aan deursigtigheid wat openhartige besprekings oor werklike korrupsie-insidente aanmoedig.
- 'n Behoefte aan meer sigbare, gesamentlike teenkorrupsie-aksie aan die kant van die sakesektor.

Hierdie tekortkominge in deelname en samewerking kan toegeskryf word aan die feit dat die NACF 'n tipe beleidsnetwerk is, met BUSA wat 'n “beleidsgemeenskap” is wat die sakesektor verteenwoordig onder die vaandel van 'n aantal besigheidsorganisasies wat betrokke is by beleidsberaadslaging oor teenkorrupsiekwessies. Van Vuuren (2005) draai nie doekies om nie en kom tot die gevolgtrekking dat die NACF net 'n gepraterij is. Hy sê ook dat die sakesektor se bydrae en verbintenis tot teenkorrupsiepogings maar halfhartig is, deels omdat sakeleiers nie daaraan deelneem nie ten spyte van die wesenlike koste van korrupsie vir besigheid. Van Vuuren is selfs feller in sy kritiek van die sakesektor as hy te kenne gee dat die sakesektor hom as die slagoffer van korrupsie-insidente voordoen onderwyl hy eintlik 'n deelnemer is aan korrupsie, voordeel daaruit trek, en korrupsie handhaaf.

Van Vuuren (2005) voeg by dat sommige kringe in die sakesektor 'n gebrek aan gewilligheid toon om aan die bekamping van korrupsie deel te neem. Die bewering dat die sakesektor die handhawer is, word versterk deur die siening dat die sakesektor die “verskaffer” van korrupsie is, deur byvoorbeeld samespannende kartelle en prysknoeiery. Hierdie siening word verder bekragtig deur die sakesektor se bloot diskrete administratiewe, interne optrede teen korrupte werknemers, soos die aanvaarding van bedankings of die afdanking van werknemers. Daar is egter geen optrede deur die strafregtelike stelsel om oortreders te ondersoek en vervolg nie.

Die bewering van swak bydrae, gebrek aan verbintenis, deelname en koördinerende van sakesektoraktiwiteite ten opsigte van teenkorrupsie-aktiwiteit word dalk te fel gekritiseer. Mongale (2010:36) is van mening dat die sakesektor se pogings binne die konteks van

“beleidsgemeenskap”-pogings val, onderwyl Ramsingh en Dobie (2005:12–18) redeneer dat die sakesektor ’n gebrek aan dringende opvolg op besluite van die NACF, swak deelname en verbintenis, sowel as beperkte, sigbare teenkorrupsie-aktiwiteit toon.

Bewyse dat die sakesektor positiewe vordering maak in sy teenkorrupsiepogings, is sigbaar in die gesamentlike teenkorrupsie-aksie-projek tussen BUSA en die NBI, integriteitsverdrae wat deur die sakesektor in samewerking met die regering geloods is deur middel van Nasionale Tesourie, teenkorrupsiebewusmaking, portuurleer en verwante oor-industrie-sakesektorsamewerking, onderrig, bewusmaking- en opleidingsinisiatiewe (Minnaar-van Veijeren 2013), die bevordering van alarmmakery (Corruption Watch 2013) en sakesektordeelname deur die lewering van openbare kommentaar op konsepwetgewing soos die Maatskappywet (BUSA 2010).

Dit het duidelik by sommige deelnemers deurgeskemer dat optrede deur individuele maatskappye geïsoleerd is. Twee deelnemers het as volg reageer (woordelike respons):

I don’t get an overall sense that business has come together and agreed a commitment to deal with corruption.

Some big companies have all kinds of pledges and sign up to all kinds of forums to talk about corruption.

Ander deelnemers se ervaring is egter dat die geïntegreerde teenkorrupsie-aktiwiteite industrie- en sakesektorwyd is. ’n Tipiese respons is:

[The] NBI is involved in anti-corruption activities to strengthen public procurement ... using Integrity Pacts. The Chamber of Mines has a membership of over 70 companies represented and involved in combating corruption.

9.5 King Kode van Korporatiewe Bestuur

Een van die mees prominente instrumente wat ’n groot deel van die sakesektor se pogings deurdring, en wat tot die teenkorrupsiediskoers bydra, is die King Kode van Korporatiewe Bestuur. Dit staan ook as die King Kode bekend. Die sakesektor se pogings om korrupsie te hanteer is gegrond in die ontwikkeling en implementering van die kodes van korporatiewe bestuur en etiese besigheidsopptrede. Die King Kode plaas Suid-Afrika aan die spits van internasionale beste praktyk ten opsigte van pogings om korporatiewe bestuur te hanteer. Dit word toegeskryf aan die deursigtigheid en toerekeningsvatbaarheidsmaatreëls in die King Kode wat ’n oproep is om sake op ’n geïntegreerde wyse te doen en om jaarliks aan aandeelhouers en belanghebbendes verslag te doen oor maatreëls wat die maatskappy op ’n positiewe sowel as negatiewe (byvoorbeeld korrupsie) wyse beïnvloed het en ook die stappe wat die maatskappy sal doen om dit reg te stel. Onderskrywing van die King Kode is egter vrywillig en nie verpligtend nie. Nakoming is nie universeel afdwingbaar op maatskappye nie (Instituut van Direkteure in Suider-Afrika 2016).

Voorts is die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling Bestuursbeginsels (OESO) (Organisation for Economic Co-operation and Development (OECD) 2013) ’n sterk basis van waar die sakesektor gehelp kan word om te voldoen aan goeie korporatiewe bestuur en teenkorrupsiemaatreëls. Hierdie beginsels van goeie bestuur wat in die King Kode

saamgevat is, is sinoniem met die OECD-bestuursbeginsels. Hierdie beginsels kan as volg opgesom word:

- Versekering van die basis vir 'n doeltreffende raamwerk vir korporatiewe bestuur
- Beskerming van aandeelhouders se regte en sleutel-eienaarskapfunksies
- Billike behandeling van aandeelhouders
- Aanmoediging van aandeelhoudersdeelname ten einde 'n finansiële gesonde besigheid te handhaaf
- Openbaarmaking en deursigtigheid ten opsigte van die maatskappy se finansiële situasie, prestasie en bestuur
- Verduideliking en duidelike uiteensetting van die direksie se verantwoordelikhede.

Goeie bestuur handel fundamenteel oor toerekeningsvatbaarheid en deursigtigheid. Dit bevorder volhoubare ekonomiese groei waarin aandeelhouders en belanghebbendes vertroue kan hê. Geïntegreerde maatreëls is 'n kulminasie van die beginsels van goeie korporatiewe bestuur wat die toepassing van die “etiese waardes” van verantwoordelikheid, toerekeningsvatbaarheid, billikheid en deursigtigheid vooropstel.

Die onderstaande is 'n paar van die beginsels wat in die King Kode saamgevat is en die basis van 'n doeltreffende raamwerk vir korporatiewe bestuur vorm (Instituut van Direkteure in Suider-Afrika 2016):

- Etiese en doeltreffende leierskap en korporatiewe burgerskap
- Strategie, prestasie en verslagdoening
- Bestuurstrukture, funksies en delegering
- Belanghebbende-verwantskappe
- Oorsig en monitering
- Deursigtigheid en openbaarmaking
- Verantwoordelikheid en toerekeningsvatbaarheid

Ons is van mening dat die gebrek aan deursigtigheid in die rapportering van korrupsie-insidente deur die sakesektor, swak deelname aan nasionale teenkorrupsieopogings deur leiers in die sakesektor, aandadigheid aan die sakesektor by insidente van korrupsie, en die gebrek aan toerekeningsvatbaarheid by maatskappydirekteure en -direksies 'n aanduiding is dat die King Kode nie doeltreffend genoeg is om die deursigtigheid en toerekeningsvatbaarheid van die sakesektor in sy teenkorrupsiebydrae te verbeter nie.

Al die deelnemers het aangedui dat die sakesektor se teenkorrupsie-aktiwiteite nie voldoende is nie. Deelnemers het hierdie tekortkoming toegeskryf aan die afwesigheid van verbintenis tot en diepgaande oortuiging van die saak van korrupsiebekamping en tot die ekonomiese uitdagings wat die sakesektor in die gesig staar. Deelnemers het tipies as volg reageer:

There is a lack of business will to combat corruption. Unfortunately, or sadly, it's [corruption] given a low priority. I think it is a grudge purchase ... they know they have to pay attention to anti-corruption efforts but ... do so with reluctance. The economic challenges facing the country at the moment is [sic] affecting companies and their ability to address corruption.

9.6 Kodes van etiese besigheidsoptrede

In reaksie op die besluite wat by die derde Internasionale Teenkorrupsie-beraad geneem is, het BUSA 'n Suid-Afrikaanse Manifes vir Etiese Sakepraktyk (South African Charter of Ethical Business Practice) ontwikkel. Dit word gedefinieer as 'n aspirerende Etiese Kode vir Besigheid (Business Code of Ethics) wat op die sakesektor van toepassing is. Hierdie kode dui aan wat etiese besigheidsoptrede is en dit stuur besighede in die rigting van voldoening aan die manifes onderwyl hulle in die openbaar hul morele standpunt oor onetiese praktyke wat hul maatskappye affekteer, aandui. Praktiese teenkorrupsie-inligtingsgidse is ontwikkel om Suid-Afrika se teenkorrupsielandskap vir binnelandse besigheidsmense soos klein, mikro- en mediumgrootte-ondernemings en buitelandse beleggers uiteen te sit. Hierdie gidse is in die vorm van 'n *Anti-Corruption Guide for South African SMEs* en 'n *Anti-Corruption Information Guide for Foreign Investors to South Africa*. The Ethics Institute vul die Etiese Kode vir Besigheid wat op die sakesektor van toepassing is aan, aangesien hierdie organisasie verbeterde etiese praktyke in besigheidsgedrag bevorder en leiding gee oor alle aspekte van organisatoriese etiek (The Ethics Institute 2014).

Die Suid-Afrikaanse Besigheidsetiek-opname (South African Business Ethics Survey (SABES)) (2013) het die oogpunte van 4 095 personeellede van 15 verskillende Suid-Afrikaanse maatskappye ingewin ten einde die stand van etiek in die sakesektor te identifiseer. Die opname het die volgende resultate opgelewer; dit dui op positiewe vordering deur die sakesektor in die hantering van etiek (Groenewald en Geerts 2013):

- Daar is verhoogde bewustheid oor etiekprogramme, etiese kodes, opleiding in etiek, en veilige rapporteringstelsels vir etiese dilemmas.
- Wangedrag deur werknemers neem af.
- Organisasies plaas minder druk op werknemers om oneties op te tree.
- Daar is 'n afname in situasies wat onetiese optrede in maatskappye uitlok.

Dit skets 'n positiewe beeld van die huidige stand van besigheidsetiek, en hierdie vordering is 'n positiewe teken vir korrupsiebekamping in die sakesektor. Dit is egter kommerwekkend dat slegs 15 maatskappye aan die opname deelgeneem het, en dit kan Van Vuuren (2005) se siening dat die sakesektor mank gaan aan toewyding tot die stryd teen korrupsie en traag is om deursigtig te wees, bekragtig.

Onderwyl sommige gesamentlike sakesektoraktiwiteite sigbaar is, is die skaal en tipe aktiwiteit klein, en hulle word nie met volle toewyding tot die teenkorrupsieszaak aangepak nie. Deelnemers het aangedui dat 'n teenkorrupsiestrategie gegrond moet wees op etiek en waardes en dit ook moet bevorder. Woordelike response:

[C]ompanies are implementing projects around ethical business practices ... If the prevention activities were adequate ... you would see a lot more naming and shaming and you will see a lot more business people going to jail for corrupt activities. We don't want our dirty washing to come out in public ... business should show more commitment to fighting corruption ... There should be political will to change ethics and values.

10. Slot en aanbevelings

Die Suid-Afrikaanse sakesektor vervul tans nie sy strategiese rol in die bekamping van korrupsie nie. In plaas daarvan neem hulle bloot deel aan verskeie plaaslike en interne teenkorrupsiediskoerse. Voorbeelde hiervan is die NACF, die nasionale teenkorrupsieberade, individue wat in hul persoonlike hoedanigheid aan B20-dialoog deelneem, en tallose gefragmenteerde en swak-geïmplementeerde, ambisieuse aktiwiteite waarvan vele beswaarlik wortelskiet of enige noemenswaardige effek het. Moontlik die mees prysenswaardige, spesifieke teenkorrupsie-aksie hier is dié van die NBI, wat aan pogings van die sakesektor deelneem ofskoon dit beswaarlik gerig en universeel van aard is en boonop beperk is in die omvang van aktiwiteite.

Die poging van die sakesektor is sigbaar via die UNGC Global Compact, waar hulle oorwegend die konsep van integriteitsverdrae dryf en alarmmakery deur middel van Corruption Watch bevorder, hoewel sonder die nodige ondersoek- en toepassingsnougeseheid. Daar is ook 'n gebrek aan ywer ten opsigte van korporatiewe bestuursmaatreëls in sekere bedrywe en geen verpligte deelname, nougesette toepassing en noukeurige ondersoek na vergrype nie.

Teenkorrupsiemaatreëls en korrupsie self word nie as 'n strategiese kwessie hanteer nie en daarom is die betrokkenheid en toegewyde, nougesette ingryping van senior besigheidsleierskap afwesig. Die sakesektor en sy leierskap skiet byvoorbeeld ver te kort as dit kom by deursigtigheid, toerekeningsvatbaarheid en ywerige, noulettende ondersoek na korrupsie. Die afwesigheid van korrupsie as 'n item op die agenda by besigheidsleierskapforums lewer bewys dat korrupsie nie genoegsaam deur plaaslike sakesektorleierskap geprioritiseer word nie. Die sakesektor benodig 'n nasionale, bemaagtigde teenkorrupsieliggaam wat korrupsie onder die loep neem deur middel van ondersoeke en ondersteunende vervolgings met sosiale uitsluiting as die uiteindelijke doel. Om dit te vermag, word 'n besigheidsleierskapforum benodig wat uitsluitlik op korrupsie fokus. Dit moet deur die staat, die burgerlike samelewing en ander belanghebbendes ondersteun word. Die fundamentele oorsaak van 'n swak ACP en uiteindelik die huidige swak-gestruktureerde en onvolledige teenkorrupsiepogings aan die kant van die sakesektor kan alles aan die gebrek aan 'n sakesektor-teenkorrupsiestrategie toegeskryf word.

Die sakesektor, en veral besigheidsleierskap, moet 'n meer aktiewe en toegewyde rol speel in die bekamping van korrupsie. Dit moet by 'n begrip van die omvang en diepte van korrupsie in die sakesektor begin en die uitwerking op die letterlike "besigheidsaak" moet met 'n responsiewe sakesektor-teenkorrupsiestrategie begroet word. Die diversiteit, nie-integrasie, hulpbronbeperkinge en vertrouenskweptes tussen belanghebbendes wat by die bekamping van korrupsie betrokke is, kan nie eers vergelyk word met die waarde en belangrikheid van die oplossing van die korrupsieprobleem in die sakesektor nie. Die beperkte aktiwiteite in die ACP, insluitend die beperkte implementering daarvan, voorspel niks goeds vir die vooruitsig van 'n florerende sakesektor nie. Baie sal gedoen moet word, en redelik dringend ook, om 'n sakesektor-teenkorrupsiestrategie te ontwikkel wat as sterk motivering kan dien ten einde die erns van die sakesektor om korrupsie te bekamp, te demonstreer.

Bibliografie

- BUSA. 2010. Voorlegging deur BUSA op die Maatskappye Wysigingswetsontwerp: Openbare Verhore. RSA Parlement, Kaapstad, 29 November.
- . 2012. BACWG Circular 08/12 of 2012. Johannesburg: BUSA Anti-Corruption Working Group.
- BUSA ACWG. 2012. BACWG working programme 2012. Johannesburg: BUSA Anti-Corruption Working Group.
- Business Leadership South Africa. 2013. Defining business leadership. <https://blsa.org.za/about-us/defining-business-leadership/> (17 Augustus 2014 geraadpleeg).
- Business Unity South Africa (BUSA) Members. 2005. <https://busa.org.za/about-busa/how-busa-works/busa-members/> (29 Augustus 2013 geraadpleeg).
- Camerer, M.I. 2008. What makes for effective anti-corruption systems? Johannesburg: South African Institute of International Affairs.
- Corruption Perceptions Index of 2012. 2012. Transparency International. <https://www.transparency.org/cpi2012/results#myAnchor1> (1 November 2019 geraadpleeg).
- Corruption Perceptions Index of 2018. 2018. Transparency International. <https://www.transparency.org/cpi2018> (1 Julie 2019 geraadpleeg).
- Corruption Watch. 2013. Who we are. About Corruption Watch. <http://www.corruptionwatch.org.za/content/who-we-are-and-what-we-do> (12 Augustus 2013 geraadpleeg).
- Creswell, J.W. 2013. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 4de uitgawe. Los Angeles, CA: Sage.
- Dubbelman, B. 2011. Business needs to be more engaged in the fight against corruption. <http://www.polity.org.za/article/business-needs-to-be-more-engaged-in-the-fight-against-corruption-2011-07-15> (12 Augustus 2013 geraadpleeg).
- Global Corruption Barometer of 2013. 2013. Transparency International. <http://www.transparency.org/gcb2013> (12 Augustus 2013 geraadpleeg).
- Goss, P. 2013. Governance of fraud risk. Voorlegging gelewer by die buitengewone sprekersprogram van die Universiteit van Kaapstad, Nagraadse Bestuurskool, 25 Julie 2013, Village Walk, Sandton.
- . 2016. A perspective on the strategic role of the business sector in combating corruption. MA-verhandeling, Universiteit van Suid Afrika, Pretoria.
- Groenewald, L. en S. Geerts. 2013. *The South African Business Ethics Survey 2013*. Pretoria: Etiek-Instituut van Suid-Afrika.
-

- Habtemichael, F.S. 2009. Anti-corruption strategies in the South African Public Sector: Perspectives on the contributions of Complexity Thinking and ICTs. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- Heidenheimer, A. en M. Johnston. (reds.). 2002. *Political corruption: Concepts & contexts*. New Brunswick: Transaction Publishers.
- Henning, J.J. (red.). 1996. Economic crime in Southern Africa. Transactions of the Centre for Business Law publication 25. Verrigtinge van die Eerste Afrika-Konferensie oor Ekonomiese Misdaad 1996. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Instituut van Direkteure in Suider-Afrika. 2016. *King Code of Governance*. Johannesburg: Instituut van Direkteure in Suider-Afrika.
- Jackson, A., J. Muzondidya, V. Naidoo, M. Ndletyana en M.P. Sithole. 2009. *South African governance in review. Anti-corruption, local government, traditional leadership*. Kaapstad: HSRC Press.
- Leedy, D.L. en J.E. Ormrod. 2010. *Practical research: Planning and design*. 9de uitgawe. New Jersey: Pearson Education.
- Lodge, T. 2002. Political corruption in South Africa: From apartheid to multiracial state. In Heidenheimer, A. en M. Johnston (reds.) 2002.
- Manyathi, N. 2012. New anti-corruption watchdog launched. <http://www.derebus.org.za/new-anti-corruption-watchdog-launched/> (1 November 2019 geraadpleeg).
- Minnaar-van Veijeren, J. 2013. Anti-corruption, corporate governance and ethics in the built environment. Voorlegging gelewer namens die National Business Initiative, Pretoria, 21 Mei 2013.
- Mongale, I. 2010. The role of civil society in the fight against corruption in post-apartheid South Africa. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.
- NACF Special Task Team. 2012. Third National Anti-Corruption Programme 2012 developed from resolutions of the Fourth National Anti-Corruption Summit. Pretoria.
- National Anti-Corruption Forum. 2001. Memorandum of Understanding (MOU). Kaapstad: National Anti-Corruption Forum.
- . 2009. About the NACF. <http://www.nacf.org.za/about-nacf/index.html> (11 Augustus 2013 geraadpleeg).
- . 2013a. National Anti-Corruption Programme. National Anti-Corruption Forum. <http://www.nacf.org.za/government> (8 September 2013 geraadpleeg).
- . 2013b. National Anti-Corruption Summits. National Anti-Corruption Forum. <http://www.nacf.org.za/anti-corruption-summits/index.html> (5 September 2013 geraadpleeg).
-

National Business Initiative. 2013. https://www.nbi.org.za/wp-content/uploads/2016/06/NBI-IR_2013_7259_V4_19-June_FINAL.pdf (1 November 2019 geraadpleeg).

National Planning Commission. 2011. National Development Plan 2030. Our future: make it work. Executive summary. Pretoria: National Planning Commission, Republiek van Suid-Afrika. <https://www.gov.za/sites/default/files/Executive%20Summary-NDP%202030%20-%20Our%20future%20-%20make%20it%20work.pdf> (28 Oktober 2019 geraadpleeg).

OECD, UNODC en World Bank. 2013. Anti-corruption ethics and compliance handbook for business. <http://www.oecd.org/corruption/Anti-CorruptionEthicsComplianceHandbook.pdf> (10 Desember 2013 geraadpleeg).

Organisation for Economic Co-operation and Development (OECD). 2013. Information sheet on the OECD convention on combating bribery of foreign public officials in international business transactions. <http://www.oecd.org/gov/ethics/2406452.pdf> (13 Desember 2013 geraadpleeg).

OECD, UNODC and World Bank. 2013. Anti-corruption ethics and compliance handbook for business. <http://www.oecd.org/corruption/Anti-CorruptionEthicsComplianceHandbook.pdf> (10 Desember 2013 geraadpleeg).

PricewaterhouseCoopers. 2008. *Confronting corruption: The business case for an effective anti-corruption programme*. New York: PricewaterhouseCoopers.

Pring, C. 2015. People and corruption: Africa survey 2015 – Global Corruption Barometer 2015. Transparency International. https://www.transparency.org/whatwedo/publication/people_and_corruption_africa_survey_2015 (1 Julie 2019 geraadpleeg).

Ramsingh, O. en K. Dobie. 2005. *Case study on the South African National Anti-Corruption Forum*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Staatsdienskommissie.

Republiek van Suid-Afrika. 1994. Wet op die Openbare Beskermer 113 van 1994. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 1995. Wet op Suid-Afrikaanse Polisiediens 68 van 1995. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 1996a. Wet op Internasionale Samewerking in Straftelike Aangeleenthede 75 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 1996b. Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 1996c. Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale 74 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 1999. Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2000. Wet op Beskermdede Bekendmakings 26 van 2000. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2004. *Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede 12 van 2004*. Pretoria: Staatsdrukker.

Sangweni, S.S. 2013. Overview of anti-corruption programmes and strategies in South Africa: A look at the past decade, and forward to a common programme of action. Toespraak gelewer by die Vrystaat Provinsiale Teenkorrupsieberaad, Bloemfontein, 29 Julie 2005. http://www.psc.gov.za/speeches/2005/anti_corruption_programmes_strategies.asp (20 Desember 2013 geraadpleeg).

Smit, B. 1996. The role of the organised community in combating commercial crime. In Henning, J.J. (red.) 1996.

Special Investigating Unit. 2014. Who is the SIU? <https://www.siu.org.za/faq/> (10 Januarie 2014 geraadpleeg).

Symanowitz, G. 2013. Pigs at the trough: Why companies collude. *Finweek*, 8 August, ble. 9–13. <http://connection.ebscohost.com/c/articles/89699978/pigs-trough> (6 Augustus 2017 geraadpleeg).

The Ethics Institute. 2014. Advisory services. <https://www.tei.org.za/index.php/about-us/who-we-are> (1 November 2019 geraadpleeg).

United Nations Global Compact. 2013. Clean business is good business. https://www.unglobalcompact.org/docs/issues_doc/Anti-Corruption/clean_business_is_good_business.pdf (20 April 2013 geraadpleeg).

United Nations Global Compact. 2019. <https://www.unglobalcompact.org/what-is-gc/mission/principles/principle-10> (1 November 2019 geraadpleeg)

UNODC. 2003. *Country corruption assessment report*. Pretoria: UNODC.

Van Vuuren, H. 2005. National integrity systems. Transparency International country study report South Africa 2005. Referaat gelewer by die Tweede Nasionale Teenkorrupsieberaad, Pretoria, Suid-Afrika, 22–23 Maart 2005.